Laerskool Queenswood

Omsendbrief 5

16 Februarie 2011

Geagte Ouers en Voogde

VISBRAAI - 2011:



U word almal hartlik uitgenooi na ons jaarlikse saamkuier-geleentheid op 25 Februarie 2011 om 18:00 in die klubhuis. Hierdie pragtige tradisie is reeds in sy 21ste jaar en ons wil graag hierop voortbou met u as ons gaste. Die skool voorsien die snoek en patats en u bring u eie bykosse, drinkgoed en stoele. U en u gesin se teenwoordigheid sal baie waardeer word. **U moet asseblief voor of op 18 Februarie 2011 die skeurstrokie terugstuur skooltoe.**

SUBSIDIE AANSOEKE:

Volgens departementele reëls is dit verpligtend vir gesinne wat kwalifiseer vir subsidie om elke jaar weer aansoek te doen. Indien u nog nie 'n subsidie aansoek kom afhaal het nie, versoek ons u om dit dringend te doen en so spoedig moontlik by die finansiële kantoor in te handig . Die laaste dag wat dit ingehandig kan word is Vrydag 25 Februarie 2011.

BOBBY VAN JAARSVELD:

Op 15 April 2011 tree Bobby van Jaarsveld by die skool op. Elke leerder van die skool het 'n skrywe met meer inligting, sowel as 'n bestellys vir kaartjies ontvang.



ATLETIEK:

Baie geluk aan die volgende atlete wat in die Distrikspan opgeneem is:

Dewald de Klerk	Lucille du Plessis	Ruben Els
Marelize Steyn	Hesmari van Wyk	

Baie sterkte aan hierdie atlete wat op 5 en 6 Maart 2011 aan die Gauteng Kampioenskappe deelneem.

LANDLOOPOEFENING:

Oefeninge begin op 2 Maart 2011. Die atlete gaan hierdie kwartaal soos volg oefen:

Maandae:	15:30 tot 16:00
Woensdae:	15:00 tot 16:00

Onthou die landloop is eers die derde kwartaal, maar ons wil die atlete reeds stadig begin voorberei!

MY SCHOOL-KAART:

Gebruik asseblief u kaart so gereeld as wat u kan.

FOTO'S - VALENTYNSOKKIE :

Foto's van die Valentynsokkie kan Donderdagmiddag na skool (17 Februarie 2011) op rekenaar in die mediasentrum besigtig en teen R10.00 per foto bestel word.

SAMBRELE VIR VELE:

Groot bont strandsambrele, 2.4m in deursnee, kan by die kantoor teen R250.00 elk bestel word. (Kontant met bestelling asseblief!)

SWEETPAKKE:

'n Nuwe snit sweetpakbaadjie sal einde Maart by Totiusdal handelaars en Select outfitters beskikbaar wees. Die nuwe baadjie is nie verpligtend nie en die ou baadjie kan nog gedra word.

HERWINNINGSPROJEK:

Baie dankie aan almal se deelname aan hierdie projek. Ons het hierdie week 392kg papier herwin. Ons hoop om hierop voort te bou en volgende week die hoeveelheid papier vir herwinning te verdubbel!

Punte van belang:

Visbraai

Subsidie aansoeke

Bobby van Jaarsveld

Atletiek

Landloopoefening

My School-kaart

Valentynfoto's

Sonsambrele

Sweetpakke

Herwinningsprojek

PERSONEEL VERJAAR:

Baie geluk aan mnr. Dries Malan wat op 19 Februarie 2011 sy verjaarsdag vier. Ons wens hom 'n voorspoedige jaar toe.

KLASVERTEENWOORDIGERSVERGADERING:

Die vergadering vind Donderdag, 17 Februarie 2011, om 18:30 in die personeelkamer plaas.

Vriendelike groete

R. LUDICK
PRINSIAAL

Punte van belang:

Personeel verjaar

Klasverteenwoordigers–vergadering